GKSA NUUSBROKKIES

Sondag 27 Junie 2021

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore en eggenotes met hul verjaardae

24 Junie Ds VA Rankgotha (Victor) – GK Phahameng
25 Junie Ds NN Ligege (Norman) – GK De Hoop
Ds DJ Malan (Danie) – GK Uitschot
26 Junie Dr TI Mashau (Ignetia), eggenote van dr TD Mashau (Derrick) – New Life City Church Sunnyside
27 Junie Ds JL Aucamp (Louis) – GK Kemptonpark-Mooifontein
Ds DH Verryn (Hendrik) – GK Potchefstroom-Suid
30 Junie Mev K le Roux (Karyna), eggenote van ds PGP le Roux (Pieter) – GK Wonderboompoort

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae

22 Junie Mev FCJ Fanoy (Carlien), eggenote van dr P Fanoy (Piet) – GK Windhoek
24 Junie Mev ES Grobler (Elsie), weduwee van ds ZC Grobler (Zagrys) – GK Sannieshof
Mev M de Klerk (Marie), eggenote van prof BJ de Klerk (Ben) – TSP
25 Junie Mev MM Schulze (Ita), weduwee van prof LF Schulze (Ludi) – TSP
27 Junie Mev MM Liebenberg (Magda), weduwee van ds TA Liebenberg (Tos) – GK Hoëveld
Dr AH Bogaards (Attie) – GK Pretoria-Rooiwal
Mev HW Malan (Helena), eggenote van ds J Malan (Jan) – GK Burgersdorp
29 Junie Dr M Venter (Monica), weduwee van ds W Venter (Willie) – GK Reddersburg
30 Junie Mev SJ Fourie (Susan), weduwee van ds BCG Fourie (Ben) – GK Kameeldrift

Hartlike gelukwense aan die volgende personeellid by die TSP met haar verjaardag

27 Junie Mev Elsabé Labuschagne

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*



Hartlike gelukwense aan ds Dirk en Eline Laufs (emerituspredikant van GK Alberton-Wes) wat in die huwelik bevestig is.

Innige simpatie aan

- Teologiese student Peet van der Westhuizen met die afsterwe van sy moeder.
- Mev Elsabé Labuschagne, TSP, met die afsterwe van haar skoonsuster.
- Ds AP de Jager van GK Klerksdorp-Noord met die afsterwe van sy suster.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

BEVESTIGING

Die bevestiging van **ds Noah Kim**, van GK Cachet, vind plaas op Sondag 27 Junie 2021. Ds Kim is na GK Cachet beroep (met finansiële ondersteuning van gemeentes in Suid Korea) met evangelisasie opdrag vir die Engelssprekende studente op Die Bult en die kampus.

Proponent beroepbaar gestel

Proponent MD Letebele (David en Emily)
Selnommer: 079 064 4754 of 073 558 5533
E-pos: sermeletebele@gmail.com

INBETALING VAN DONASIES VIR DIE KERKBLAD

Bank Absa
Takkode 632 005
Rekeningnaam Administratiewe Buro GKSA
Rekeningnommer 670 140 040

Verwysing Donasie Kerkblad

Waar is Die Gereformeerde Vroueblad dan nou?

Hard aan die werk! Ons het ‘n paar maande terug ‘n groot reeks dinkskrums gehou en besluit om saam met die jonges op ons redaksie die dun lug van die internet in te vaar. Die werk wat ons altyd gedoen het voor ons die nuwe Vroueblad drukker toe gestuur het, bly dieselfde. Ons formaat bly dieselfde: In-Diepte-artikels, Leefdinge, Leesdinge, Sielsdinge, Kosdinge, Hartskatte, Kaleidoskoop – alles is steeds daar. Die blad word nie meer in gedrukte kopie uitgegee nie (die finansies het ons genoop om dit te doen) en ook nie meer maandeliks nie maar tweemaandeliks. Ons blad is voortaan digitaal beskikbaar. Nou kan jy ons geliefde blad op jou selfoon saamdra en lees of op jou rekenaar oopmaak en as jy op die regte knoppie klik, blaai die bladsy ook sommer om.

Gedurende die streng inperkingstyd verlede jaar het ons twee kopieë so gratis beskikbaar gestel aan almal wat ons per *Whatsapp* en *Facebook* in die hande kon kry. Die terugvoer was baie positief. Baie mense (nie net vrouens nie, ook nie net Gereformeerdes nie) het so vir die eerste keer met ons blad te doen gekry. Ons bid dat die Here Die Gereformeerde Vroueblad steeds so sal bly gebruik en ons leserstal sal uitbrei.

Tog is ons fokus steeds die Gereformeerde vroue. ‘n Hele paar jaar al besef ons dat baie mense nie genoeg geld of nie genoeg tyd het om die blad soos vroeër te ondersteun nie. Die jonges lees nie meer soos ‘n vorige geslag nie: Hulle soek antwoorde op hul vrae en belangstellings op die rekenaar. Hulle *Google* dit! Als oor die virus, huweliksprobleme, kinders grootmaak, finansies, geloofsprobleme word so opgesoek. As ons nie ook daar beskikbaar is nie, is die antwoorde wat hul kry skraler.

<u>Wat het verander vir ons bestaande intekenaars?</u>

- Intekenaars teken nie meer deur die Buro in nie en daar sal ook nie rekeninge vir die nuwe boekjaar uitgestuur word nie;
- Daar word ook nie meer ‘n PDF-formaat uitgestuur deur die Buro nie.

Hoe gaan jy nou te werk om in te teken? Baie maklik:

- Gaan na www.gkvroueblad.co.za en kliek op INTEKENAARS.
- Volg die instruksies soos by enige aanlynwinkel – BAIE BELANGRIK: jy moet registreer met jou epos-adres en vir jou ‘n unieke wagwoord kies – dit stel jou in staat om, nadat jy jou intekengeld betaal het, vir 1 jaar elke tweede maand of vir ‘n halfjaar elke tweede maand jou nuwe Vroueblad af te laai en te lees.
- Maak jou keuse & betaal onmiddellik deur *PayFast (*veilig en vinnig met jou Debiet of Kredietkaart):
  - 1 Jaar: R100
  - 6 Maande: R63
  - Enkeltydskrif: R25
- Fondse word, soos altyd, direk in ons bankrekening by Die Buro inbetaal.
- Ons sal jou altyd deur hierdie blad (Kerknuus); en ons *Facebookblad* in kennis stel wanneer die jongste uitgawe van Die Gereformeerde Vroueblad vrygestel is sodat jy dit kan gaan aflaai in ons leeskamer – natuurlik met toegang van jou Gebruikersnaam (e-pos) en jou wagwoord wat jy gekies het toe jy geregistreer het.

Vriendelike groete
Die Redaksie

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

Johannes 1:14